(12) The principal must, after a meeting at which any office-bearer has been elected in accordance with this regulation, notify the Head of Department by means of the Western Cape Education Department's online management information system of the date of the meeting, the name and address of the person elected and the office into which he or she has been elected.

(13) At the expiry of his or her term of office, an outgoing office-bearer must perform his or her functions until the election of the new office-bearer who is to replace him or her has taken place, **provided that the new office-bearer qualifies to be a member of the governing body.**

Meetings of governing body

23. (1) The chairperson of a governing body must determine the date, time and venue of a meeting of the governing body, and the secretary of the governing body must notify each member in writing thereof at **least 14 days** prior to such meeting.

(2) In the circumstances contemplated in subregulation (1), if the chairperson of the governing body is of the opinion that a matter requires urgent attention, the secretary of the governing body must give each member at least 24 hours' notice of the meeting.

(3) Any person may on the invitation of a governing body be present at a meeting of the body and take part in the discussion, but may not vote and must leave the meeting when the governing body makes a decision.

(4) A governing body may require any staff member of the school concerned to attend a meeting of the body in connection with any matter relating to the functions of the governing body.

(5) The majority of all the enfranchised members of a governing body constitutes a quorum for any meeting of the governing body.

(6) A governing body must determine its own rules relating to its meetings and the procedures at such meetings.

Minutes of proceedings of meetings

24. (1) The secretary of a governing body must keep minutes of the proceedings of every meeting of the governing body and must provide each member of the governing body with a copy of the minutes at least 14 days prior to the next meeting.

(2) The secretary of a governing body must provide, on reasonable request and for a specific purpose, the Head of Department, or any person duly designated by the Head of Department, with a copy of the minutes.

(3) The secretary of a governing body must provide, on request, a parent of a learner at the school or an educator or a non-educator at the school with a copy of those parts of the minutes relevant to the protection of the rights or interests of the parent or his or her child, the educator or non-educator, as the case may be.

(4) In the circumstances contemplated in subregulation (3) there must be no violation of the rights of any other persons, or breach of confidentiality where such breach is not in the best interests of the school or member of the governing body, member of staff, parent or learner at the school.

(5) The minutes of a meeting of a governing body or a committee thereof must at the next meeting of the governing body or a committee thereof, as the case may be, be submitted for approval.

(6) Upon the dissolution of a governing body or the expiry of its term of office, all minutes and other documents of the governing body and any committee thereof must be handed to the principal of the school.

(7) At the closure of a school, the principal must hand in all minutes and other documents of the governing body or any committee thereof to the Head of Department for safekeeping.

Transitional provisions

25. A governing body at a public school which, at the commencement of these regulations, was validly constituted in terms of the Determination of the Procedures for the Establishment and Election of Governing Bodies at Public Schools published under Provincial Notice 40/2015 in *Provincial Gazette 7352* of 6 February 2015, is regarded as being constituted in terms of these regulations.

Repeal

26. The Determination of the Procedures for the Establishment and Election of Governing Bodies at Public Schools published under Provincial Notice 40/2015 in *Provincial Gazette 7352* of 6 February 2015, is repealed.

Short title and commencement

27. These regulations are called the Procedures for the Establishment and Election of Governing Bodies at Public Schools Regulations, 2017, and come into operation on 18 August 2017.

ANNEXURE A

Notice of Nomination and Election Meeting

Election of Parents of Learners / Educators / Non-Educators
to the Governing Body

(Regulations 10, 12, 13, 15, 16 and 17 of the Procedures for the Establishment and Election of Governing Bodies at Public Schools Regulations, 2017)

NAME OF SCHOOL:

Notice is hereby given that a meeting for the nomination and election of candidates for the election of(parents of learners / educators / non-educators) as members of the governing body for the above-mentioned school will be held on(date) at.....(time) in(venue). Should a quorum not be reached, a follow-up meeting will be held on(date) at(time).

It will be determined at(time) on the evening of the nomination and election meeting whether enough parents / educators / non-educators entitled to vote are present for the meeting to go ahead. Parents / educators / non-educators are therefore encouraged to attend the meeting, and parents must bring with them their South African identity card or green barcoded identity document, or a temporary identity document issued by the Department of Home Affairs or, in the case of a foreigner, a permit issued in terms of the Immigration Act, 2002 (Act 13 of 2002).

Please arrive at the meeting before(time).

A candidate may be nominated at the meeting or by lodging with the school electoral officer not later than **seven days** before the above meeting, a nomination form duly completed by a proposer, a seconder and the nominated candidate. For this purpose, nominations will be accepted at the school from(date) until.....(time) on(date).

If more candidates are nominated than the number of members to be elected, a poll will be conducted after the nominations have been submitted.

.....
DATE

.....
SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

ADDRESS:
.....
.....
.....

ELECTION RULES

(To accompany notice of a nomination and election meeting)

1. COMPOSITION OF GOVERNING BODY

- (a) A governing body of an ordinary secondary school, an intermediate school and a combined school must consist of—
- (i) seven parents who are not employed at the school by the Western Cape Education Department or the governing body;
 - (ii) two educators at the school, elected by educators employed at the school;
 - (iii) one non-educator at the school, elected by staff at the school who are not educators;
 - (iv) two learners in the eighth grade or higher elected by the representative council of learners from its own ranks; and
 - (v) the principal.
- (b) Subject to paragraphs (c), (d) and (e), a governing body of an ordinary primary school must consist of—
- (i) five parents who are not employed at the school by the Western Cape Education Department or the governing body;
 - (ii) two educators at the school, elected by educators employed at the school;
 - (iii) one non-educator at the school, elected by staff at the school who are not educators; and
 - (iv) the principal.
- (c) A governing body of an ordinary primary school with a staff establishment of one educator must consist of—
- (i) two parents who are not employed at the school by the Western Cape Education Department or the governing body; and
 - (ii) the principal.
- (d) A governing body of an ordinary primary school with a staff establishment of one educator and one non-educator must consist of—
- (i) three parents who are not employed at the school by the Western Cape Education Department or the governing body;
 - (ii) the principal; and
 - (iii) the non-educator at the school.
- (e) A governing body of an ordinary primary school with a staff establishment of two educators and one non-educator must consist of—
- (i) four parents who are not employed at the school by the Western Cape Education Department or the governing body;
 - (ii) one educator at the school, elected by educators employed at the school;
 - (iii) the non-educator at the school; and
 - (iv) the principal.

- (f) A governing body of a school for learners with special education needs must consist of—
- (i) seven parents who are not employed at the school by the Western Cape Education Department or the governing body, **if reasonably practicable**;
 - (ii) two educators at the school, elected by educators employed at the school;
 - (iii) one non-educator at the school, elected by staff at the school who are not educators;
 - (iv) two learners in the eighth grade or higher elected by the representative council of learners from its own ranks, if practicable;
 - (v) the principal;
 - (vi) one representative of sponsoring bodies, if applicable;
 - (vii) one representative of organisations of parents of learners with special education needs, if applicable;
 - (viii) one representative of organisations of disabled persons, if applicable;
 - (ix) one disabled person, if applicable; and
 - (x) one expert in appropriate fields of special education needs.

2. NOMINATIONS OF PARENT MEMBERS

- (a) Each parent candidate must be proposed and seconded on a nomination form by parents entitled to vote as indicated in paragraph 4 below. A voter who proposes or seconds a parent candidate must first establish that the parent candidate is not disqualified to be elected as a member as indicated in paragraph 3 below.
- (b) A **separate** nomination form must be completed for each nomination of a parent candidate.
- (c) The electoral officer shall determine the time to be allowed for the nomination of parent candidates **prior to the nomination and election meeting and** during the nomination and election meeting, and shall inform the meeting thereof.
- (d) A parent candidate may not nominate himself or herself.

3. DISQUALIFICATION OF MEMBERS

A person may not be nominated or appointed as a member of a governing body if he or she—

- (a) has **at any time** been convicted by a court of law of any offence for which he or she received a suspended prison sentence **without the option of a fine** or was sentenced to imprisonment without the option of a fine, unless he or she has received a free pardon, or the period of suspension or imprisonment has expired at least three years prior to the date of his or her nomination or appointment as a member of the governing body;
- (b) **has been declared unsuitable to work with children in terms of the Children's Act, 2005 (Act 38 of 2005), or the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act 32 of 2007);**
- (c) is mentally ill and has been declared as such by a court of law;
- (d) is an unrehabilitated insolvent;
- (e) in the case of an educator appointed in terms of the Employment of Educators Act, 1998 (Act 76 of 1998), **has been found guilty of misconduct and has—**
- (i) **received a fine;**
 - (ii) **been suspended without pay;**

- (iii) been demoted; or
- (iv) received a combination of the sanctions contemplated in subparagraphs (i) to (iii), unless the period of his or her sanction has expired at least three years prior to the date of his or her nomination or appointment as a member of the governing body;
- (f) in the case of a non-educator appointed in terms of the Public Service Act, 1994, (Proclamation 103 of 1994), or by the governing body, has been found guilty of misconduct and has—
 - (i) been suspended without pay;
 - (ii) been demoted; or
 - (iii) received a combination of the sanctions contemplated in subparagraphs (i) and (ii), unless the period of his or her sanction has expired at least three years prior to the date of his or her nomination or appointment as a member of the governing body;
- (g) in the case of a parent, does not have a child enrolled as a learner at the school concerned and is not a caregiver of the child; or
- (h) has been removed from a governing body by the head of the Western Cape Education Department during the previous three years.

4. FRANCHISE

- (a) Every parent of one or more children enrolled at the school at the time of the election of members of the governing body is entitled to vote for parent members at the election. A maximum of two parents per learner will be allowed to vote.
- (b) Every educator employed at the school at the time of the election of members of the governing body, including the principal, is entitled to vote for educator members at the election.
- (c) Every non-educator employed at the school at the time of the election of members of the governing body, is entitled to vote for non-educator members at the election: Provided that if the school has only one non-educator, that member is automatically elected.
- (d) Every member of the representative council of learners at the school at the time of the election of members of the governing body is entitled to vote for learners on the representative council of learners at the election.
- (e) A person who is entitled to vote may vote only once for a particular candidate, with a maximum number of votes equal to the number of members to be elected in the relevant category of members.

5. GENERAL

The principal may—

- (a) include such additional information to this annexure as he or she may deem necessary for the smooth progress of the election, for example, the importance of parent participation; or
- (b) omit those parts of the annexure that are not relevant to the election in question.

ANNEXURE B

NOMINATION FORM

Election of Parents of Learners / Educators / Non-Educator as
Members of Governing Body

*(Regulations 10, 12, 13, 14, 15, 16 and 17 of the Procedures for the Establishment and Election of
Governing Bodies at Public Schools Regulations, 2017)*

(The achievement of the highest practicable level of representation must be striven for in the nomination and election of members of the governing body, and we therefore encourage parents / educators / non-educators to participate in this process.)

NAME OF SCHOOL:

PROPOSER:

I,,
(Full name)

of
(Residential address)

being a parent of a learner / educator / non-educator of the above-mentioned school, hereby propose

.....
(Full name of candidate)

as a member of the governing body of the above-mentioned school.

.....
SIGNATURE OF PROPOSER

SECONDER:

I,,
(Full name)

of
(Residential address)

being a parent of a learner / educator / non-educator of the above-mentioned school, hereby second the above-mentioned proposal.

.....
SIGNATURE OF SECONDER

CANDIDATE:

I,,
(Full name)

of,
(Residential address)

hereby declare that I—

- (a) accept the above-mentioned nomination; and
- (b) am not disqualified from being a member of a governing body contemplated in paragraph 3 of the “Election Rules” (see Annexure A).

.....
SIGNATURE OF CANDIDATE

OR

(IF PROPOSED AT NOMINATION AND ELECTION MEETING AND NOT PRESENT TO COMPLETE THE NOMINATION FORM)

I,,
(Full name)

declare that written proof to my satisfaction has been submitted that the above-mentioned candidate, who is not present at the nomination and election meeting to complete the nomination form, will, if elected, be willing to serve as a member of the governing body.

.....
SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

This nomination is accepted / rejected.
(Delete which is not applicable.)

.....
DATE

.....
SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

PROVINSIALE KENNISGEWING
WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT

P.K. 156/2017

17 Augustus 2017

**REGULASIES VIR PROSEDURES VIR DIE INSTELLING EN VERKIESING VAN
BEHEERLIGGAME BY OPENBARE SKOLE, 2017**

Die Provinsiale Minister van Onderwys in die Wes-Kaap het, kragtens artikel 24, gelees met artikel 63, van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die regulasies uiteengesit in die Bylae gemaak.

BYLAE

INDELING VAN REGULASIES

Regulasies

1. Woordomskrywing
2. Samestelling van beheerliggaam
3. Diskwalifikasie van lede van beheerliggaam
4. Ampstermyn van lede van beheerliggaam
5. Vakatures in beheerliggaam
6. Ontbinding en hersamestelling van beheerliggaam
7. Stemreg
8. Skoolkiesbeampte
9. Datum, tyd en plek van benoemings- en verkiesingsvergadering van ouerlede
10. Kennisgewing van benoemings- en verkiesingsvergadering van ouerlede
11. Kieserslyste
12. Benoeming en verkiesing van ouerlede
13. Stemming by verkiesing van ouerlede
14. Afwyking van enkele benoemings- en verkiesingsvergadering
15. Benoemings- en verkiesingsvergadering van opvoederlede
16. Stemming by verkiesing van opvoederlede
17. Benoeming en verkiesing van nie-opvoederlid
18. Benoeming en verkiesing van leerderlede
19. Besluite van skoolkiesbeampte

20. Besluite van distrikskiesbeampte
21. Prosedure na verkiesing van beheerliggaam
22. Verkiesing van ampsdraers
23. Vergaderings van beheerliggaam
24. Notule van verrigtinge van vergaderings
25. Oorgangsbepalings
26. Herroeping
27. Kort titel en inwerkingtreding

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy daar anders bepaal word, het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“**borgliggaam**” ’n liggaam wat finansiële steun aan ’n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte verskaf;

“**dag**” enige dag, met inbegrip van Saterdag, Sondag, ’n openbare vakansiedag en ’n dag wat in ’n skoolvakansie val;

“**die Wet**” die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997);

“**distrikskiesbeampte**” ’n senior distriksbeampte by ’n onderwysdistrikskantoor wat verantwoordelik is vir toesig oor en bestuur van die verkiesingsproses in die distrik;

“**gedragskode**” ’n gedragskode van ’n beheerliggaam soos beoog in artikel 26A van die Wet;

“**gewone skool**” ’n skool wat nie ’n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte is nie;

“**lid**” ’n lid van ’n beheerliggaam;

“**nie-opvoeder**” ’n persoon, uitgesonderd ’n opvoeder, wat in ’n permanente of kontrakhoedanigheid by ’n skool ooreenkomstig die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), of deur die beheerliggaam aangestel is;

“**opvoeder**” enige persoon wat deur die Departementshoof of die beheerliggaam in ’n permanente of kontrakhoedanigheid aangestel is, met inbegrip van ’n graad R-opvoeder, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste verskaf, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by ’n openbare skool, maar nie ook ’n persoon wat aangestel is uitsluitlik om buitekurrikulêre pligte te verrig nie;

“**skool**” ’n gewone openbare skool of ’n openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte;

“**skoolkiesbeampte**” ’n kiesbeampte beoog in regulasie 8;

“**skoolkiesspan**” die skoolkiesbeampte aangestel ingevolge regulasie 8(1) tesame met die persone wat ingevolge regulasie 8(2) aangestel is om die skoolkiesbeampte by te staan.

Samestelling van beheerliggaam

2. (1) Behoudens subregulasie (19) en regulasie 6(4) moet die beheerliggaam van ’n gewone sekondêre skool, **middelbare skool** of gekombineerde skool bestaan uit—

- (a) sewe ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
- (b) twee opvoeders by die skool;

- (c) een nie-opvoeder by die skool;
 - (d) twee leerders in die agste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy geledere; en
 - (e) die prinsipaal.
- (2) Behoudens subregulasies (3), (4), (5) en (19) en regulasie 6(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool bestaan uit—
- (a) vyf ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (b) twee opvoeders by die skool;
 - (c) een nie-opvoeder by die skool; en
 - (d) die prinsipaal.
- (3) Behoudens subregulasie (19) en regulasie 6(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van een opvoeder bestaan uit—
- (a) twee ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie; en
 - (b) die prinsipaal.
- (4) Behoudens subregulasie (19) en regulasie 6(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van een opvoeder en een nie-opvoeder bestaan uit—
- (a) drie ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (b) die prinsipaal; en
 - (c) die nie-opvoeder by die skool.
- (5) Behoudens subregulasie (19) en regulasie 6(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van twee opvoeders en een nie-opvoeder bestaan uit—
- (a) vier ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (b) die prinsipaal;
 - (c) een opvoeder by die skool; en
 - (d) die nie-opvoeder by die skool.
- (6) Behoudens subregulasie (19) en regulasie 6(4) moet die beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte bestaan uit—
- (a) sewe ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie, indien redelikerwys doenlik;
 - (b) twee opvoeders by die skool;
 - (c) een nie-opvoeder by die skool;
 - (d) twee leerders in die agtste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy geledere, indien redelikerwys doenlik;
 - (e) die prinsipaal;
 - (f) een verteenwoordiger van borgliggame, indien van toepassing;
 - (g) een verteenwoordiger van organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoefte, indien van toepassing;
 - (h) een verteenwoordiger van organisasies van gestremde persone, indien van toepassing;
 - (i) een persoon met 'n gestremdheid, indien van toepassing; en
 - (j) een deskundige op gepaste gebiede van spesiale onderwysbehoefte.

(7) Geen besluit geneem deur 'n beheerliggaam of stap gedoen op gesag van 'n beheerliggaam is ongeldig bloot omdat 'n vakature in daardie beheerliggaam bestaan het of omdat iemand wat nie daarop geregtig was om as 'n lid van daardie beheerliggaam sitting te neem nie in daardie beheerliggaam as sodanige lid sitting geneem het op die tydstip waarop die besluit geneem is of die stap gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur een meer as die helfte van die lede van die beheerliggaam wat toe aanwesig was en daarop geregtig was om as lede sitting te neem.

(8) 'n Beheerliggaam kan—

(a) die eienaar van die eiendom of sy of haar benoemde koöpteer indien die skool op private eiendom geleë is;

(b) persone koöpteer om bepaalde verantwoordelikhede na te kom.

(9) Behoudens subregulasie (10)(b) en regulasie 5(6) het gekoöpteerde lede nie stemreg in die beheerliggaam nie.

(10) In die omstandighede beoog in subregulasies (1), (2), (3), (4) en (5)—

(a) moet die getal ouerlede met stemreg een meer wees as die gekombineerde totaal van ander lede met stemreg in 'n beheerliggaam; en

(b) indien daar 'n vakature in die getal ouerlede is soos beoog in paragraaf (a) moet die beheerliggaam ouers met stemreg tydelik koöpteer.

(11) Indien 'n ouer gekoöpteer word met stemreg soos beoog in subregulasie (10) staak die koöptering wanneer die vakature gevul is by wyse van 'n tussenverkiesing, wat binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het gehou moet word ooreenkomstig dieselfde prosedures as dié vir die verkiesing van ouerlede soos in hierdie regulasies uiteengesit.

(12) Indien die tussenverkiesing beoog in subregulasie (11) nie binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het gehou word nie, kan die beheerliggaam ouers met stemreg koöpteer vir 'n verdere 30 dae na die datum van verstryking van die tydperk van 90 dae, tydens welke tydperk die tussenverkiesing gehou moet word.

(13) Die benoemings- en verkiesingsvergadering vir die tussenverkiesing beoog in subregulasie (11) moet ingevolge hierdie regulasies gehou word.

(14) Behoudens subregulasie (22) moet ouers by die skool die ouerlede beoog in subregulasies (1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) en (6)(a) benoem en verkies.

(15) Opvoeders wat by die skool in diens is, moet die opvoederlede beoog in subregulasies (1)(b), (2)(b), (5)(c) en (6)(b) benoem en verkies.

(16) Nie-opvoederpersoneel wat by die skool in diens is, moet die nie-opvoederlede beoog in subregulasies (1)(c), (2)(c) en (6)(c) benoem en verkies: Met dien verstande dat indien die skool slegs een nie-opvoeder het, daardie lid outomaties verkies word.

(17) Die verteenwoordigende raad van leerders by die skool moet die leerderlede bedoel in subregulasies (1)(d) en (6)(d) benoem en verkies.

(18) Die beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte moet 'n komitee oor spesiale onderwysbehoefte instel soos beoog in artikel 30(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

(19) Die Departementshoof kan die samestelling en ampstermyn van 'n beheerliggaam by 'n skool wat verskil van die samestelling beoog in subregulasies (1), (2), (3), (4), (5) en (6) goedkeur indien—

(a) die beheerliggaam van die skool skriftelik vir sodanige verskillende samestelling aansoek gedoen het en redes daarvoor verstrek het; of

(b) 'n beheerliggaam ingestel moet word om die werksaamhede van 'n beheerliggaam in die tussentyd te verrig om die instelling van 'n nuwe skool te fasiliteer,

en die Departementshoof oortuig is dat sodanige samestelling in belang van onderwys by die skool is.

(20) In die omstandighede beoog in subregulasie (19)(a) moet die die getal ouerlede wat dien in die beheerliggaam van 'n skool beoog in subregulasies (1), (2), (3), (4) en (5) een meer wees as die gesamentlike totaal van ander lede van die beheerliggaam met stemreg.

(21) Die Departementshoof kan te eniger tyd na sy of haar goeddunke die goedkeuring beoog in subregulasie (19) terugtrek en die tussentydse beheerliggaam wat ingevolge subregulasie (19)(b) saamgestel is, ontbind, waarna 'n nuwe beheerliggaam saamgestel moet word ooreenkomstig subregulasie (1), (2), (3), (4), (5) of (6), na gelang van die geval.

(22) Vir die doel van die instelling van 'n tussentydse beheerliggaam soos beoog in subregulasie (19)(b) moet die distriksdirekteur, in oorleg met die prinsipaal, indien van toepassing, die name en besonderhede van genoeg persone om al die werksaamhede van die beheerliggaam te verrig aan die Departementshoof voorlê.

Diskwalifikasie van lede van 'n beheerliggaam

3. 'n Persoon mag nie as 'n lid van 'n beheerliggaam benoem of aangestel word nie indien hy of sy—
- (a) te eniger tyd deur 'n geregshof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy of sy opgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gekry het of tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is, tensy hy of sy kwytskelding gekry het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (b) verklaar is as ongeskik om met kinders te werk ingevolge die “Children’s Act, 2005” (Wet 38 van 2005), of die “Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007” (Wet 32 van 2007);
 - (c) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur 'n geregshof;
 - (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
 - (e) in die geval van 'n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) beboet is;
 - (ii) sonder betaling geskors is;
 - (iii) gedemoveer is; of
 - (iv) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrafe (i) tot (iii) gekry het,
 tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (f) in die geval van 'n nie-opvoeder wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994, of deur die beheerliggaam aangestel is, skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) sonder betaling geskors is;
 - (ii) gedemoveer is; of
 - (iii) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrafe (i) en (ii) gekry het,
 tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (g) in die geval van 'n ouer, nie 'n kind het wat as 'n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie en nie 'n versorger van die kind is nie; of
 - (h) gedurende die vorige drie jaar deur die Departementshoof uit 'n beheerliggaam verwyder is ingevolge regulasie 4(3).

Ampstermyn van lede van beheerliggaam

4. (1) Behoudens subregulasies (3) en (4) en regulasies 5, 6, 20(5), 21(2) en 22(13) strek die ampstermyn van 'n lid van 'n beheerliggaam wat nie 'n leerder is nie oor drie jaar en is van krag vanaf die datum van die eerste vergadering van die nuut verkose beheerliggaam tot die eerste vergadering van die volgende verkose beheerliggaam, of soos deur die Departementshoof bepaal.

(2) Die ampstermyn van 'n leerderlid is een jaar.

(3) Die Departementshoof kan te eniger tyd die lidmaatskap van 'n lid van 'n beheerliggaam opskort of beëindig as gevolg van 'n oortreding van die gedragskode en nadat die voorgeskrewe prosedure ingevolge artikel 26A(5) van die Wet gevolg is.

(4) Indien 'n persoon wat as 'n lid van 'n beheerliggaam verkies is soos beoog in regulasie 2(1), (2), (3), (4), (5) of (6), ophou om in die kategorie beoog in daardie regulasie te val ten opsigte waarvan hy of sy as 'n lid verkies is, hou hy of sy op om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

(5) 'n Lid van 'n beheerliggaam kan na verstryking van sy of haar ampstermyn weer verkies of gekoöpteer word, na gelang van die geval, indien hy of sy ingevolge hierdie regulasies kwalifiseer is om 'n lid te wees.

Vakatures in beheerliggaame

5. (1) 'n Vakature ontstaan in 'n beheerliggaam wanneer 'n lid—

(a) sy of haar skriftelike bedanking indien;

(b) sterf;

(c) sonder geldige rede van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam afwesig is nadat hy of sy behoorlik van die vergaderings in kennis gestel is;

(d) nie meer verkiesbaar is nie soos beoog in regulasies 3 en 4(4); of

(e) ingevolge regulasie 4(3) uit die amp verwyder is.

(2) Wanneer 'n vakature ontstaan—

(a) in 'n beheerliggaam wat ingevolge regulasie 2(19)(b) saamgestel is, moet die Departementshoof 'n lid in die vakature aanstel;

(b) in 'n beheerliggaam wat ooreenkomstig regulasie 2(1), (2), (3), (4), (5), (6) of (19)(a) saamgestel is, moet die vakature gevul word deur 'n tussenverkiesing ooreenkomstig die verkiesingsprosedures ingevolge hierdie regulasies—

(i) in die geval van 'n ouerlid, binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het; en

(ii) in die geval van 'n opvoedervakature, nie-opvoedervakature of leerdervakature, binne 14 dae nadat die vakature ontstaan het.

(3) 'n Lid wat ooreenkomstig subregulasie (2)(a) aangestel is, of verkies is om 'n vakature te vul deur middel van 'n tussenverkiesing ooreenkomstig subregulasie (2)(b), verkry lidmaatskap vir die onverstreke tydperk van die ampstermyn van sy of haar voorganger, met stemreg, behoudens regulasie 4.

(4) Indien 'n vakature gevul is—

(a) ooreenkomstig subregulasie (2)(a), moet die Departementshoof; of

(b) ooreenkomstig subregulasie (2)(b), moet die sekretaris van die beheerliggaam, die prinsipaal skriftelik in kennis stel van die naam van die persoon wat nie meer 'n lid van die beheerliggaam is nie en van die naam en adres van die persoon se opvolger.

(5) 'n Tydelike vakature ontstaan in 'n beheerliggaam indien 'n lid afwesig is van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam met 'n geldige rede.

(6) In die omstandighede beoog in subregulasie (5) moet die beheerliggaam 'n persoon koöpteer uit dieselfde kategorie lede as die afwesige lid om die werksaamhede van die afwesige lid te verrig totdat die afwesige lid sy of haar werksaamhede in die beheerliggaam kan hervat.

(7) In die omstandighede beoog in subregulasie (6) moet die sekretaris van die beheerliggaam die prinsipaal skriftelik in kennis stel van die naam van die lid wat tydelik afwesig is en die naam en adres van die persoon wat die werksaamhede van die afwesige lid tydelik verrig.

Ontbinding en hersamestelling van beheerliggame

6. (1) Die Departementshoof kan 'n beheerliggaam ontbind indien—

- (a) hy of sy van mening is dat, as gevolg van die samesmelting van skole of die verdeling van 'n skool of ander herorganisering van skoolfasiliteite, dit nodig is om vir ouers van die betrokke skole of skool 'n geleentheid te bied om lede van 'n nuwe beheerliggaam te verkies wat behoorlik verteenwoordigend sal wees van die ouers van leerders wat die skole of skool na sodanige samesmelting, verdeling of herorganisering bywoon;
- (b) die beheerliggaam versuim het om sy werksaamhede bevredigend te verrig of opgetree het op 'n wyse wat nie in die belang van die skool is nie;
- (c) minstens 60 persent van alle ouers wat ingevolge regulasie 7(1) stemgeregtig is op 'n ouervergadering wat vir hierdie doel belê is ten gunste van 'n mosie van wantroue in die beheerliggaam stem.

(2)(a) Die voorsitter van 'n beheerliggaam moet binne 14 dae nadat hy of sy skriftelik deur minstens 30 persent van die ouers wat ingevolge regulasie 7(1) stemgeregtig is, versoek is om dit te doen, 'n ouervergadering bedoel in subregulasie (1)(c) belê.

(b) Minstens 14 dae skriftelike kennis van die vergadering moet vooraf gegee word, hetsy deur die kennisgewing per pos aan alle ouers te stuur of deur die kennisgewing aan elke leerder te oorhandig met die mondelinge opdrag om dit vir sy of haar ouers te gee.

(3) Waar 'n beheerliggaam ingevolge subregulasie (1) ontbind is, hou dit op funksioneer op 'n datum bepaal deur die Departementshoof.

(4) So gou moontlik na die datum waarop 'n beheerliggaam ophou funksioneer—

- (a) moet die distriksdirekteur die Departementshoof voorsien van 'n lys name van persone, in voorkeurvulgorde, wat verkiesbaar is vir aanstelling as lede van die beheerliggaam; en
- (b) moet die Departementshoof genoeg persone uit daardie lys aanstel om vir 'n tydperk van hoogstens drie maande die werksaamhede van 'n beheerliggaam by die skool te verrig.

(5) Die Departementshoof moet die prinsipaal sonder versuim skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die lede van die beheerliggaam wat ingevolge subregulasie (4) aangestel is.

(6) Die Departementshoof kan die tydperk bedoel in subregulasie (4) met verdere tydperke van hoogstens drie maande elk verleng, maar die totale tydperk mag nie een jaar oorskry nie.

(7) 'n Beheerliggaam moet binne 'n jaar na die aanstelling van die persone bedoel in subregulasie (4) ingevolge hierdie regulasies verkies word.

Stemreg

7. (1) Elke ouer wat een of meer kinders het wat as leerders by 'n skool ingeskryf is, is daarop geregtig om vir ouerlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag net een keer vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal ouerlede wat verkies moet word.

(2) In die omstandighede beoog in subregulasie (1) word hoogstens twee ouers per leerder toegelaat om te stem.

(3) Elke opvoeder in diens by 'n skool, insluitende die prinsipaal, is daarop geregtig om vir opvoederlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag net een keer vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal opvoederlede wat verkies moet word.

(4) Elke lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders by 'n skool is daarop geregtig om vir leerderlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag net een keer vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal leerderlede van die verteenwoordigende raad wat verkies moet word.

(5) Elke lid van die nie-opvoederpersoneel by 'n skool is daarop geregtig om vir 'n lid van die nie-opvoederpersoneel te stem en het een stem: **Met dien verstande dat indien die skool net een nie-opvoeder het, daardie lid outomaties verkies word.**

Skoolkiesbeampte

8. (1) Die distriksdirekteur moet die prinsipaal, **of adjunkprinsipaal indien nodig**, van 'n ander skool skriftelik as die skoolkiesbeampte aanstel om die benoeming en verkiesing, na gelang van die geval, van die ouer-, opvoeder- en nie-opvoederlede beoog in regulasie 2(1), (2), (3), (4), (5) en (6) in 'n beheerliggaam te behartig: Met dien verstande dat 'n prinsipaal **of adjunkprinsipaal** nie as skoolkiesbeampte van 'n skool aangestel mag word nie as hy of sy ingeskrewe kinders by daardie skool het **of nie opgelei en gesertifiseer is as 'n skoolkiesbeampte nie.**

(2) Die skoolkiesbeampte kan een of meer persone aanstel om by 'n benoemings- en verkiesingsvergadering behulpsaam te wees: Met dien verstande dat so 'n persoon nie 'n ouer van 'n leerder by die skool wat die benoeming en verkiesing hou, mag wees nie.

(3) Die skoolkiesbeampte tree op as voorsitter van enige vergadering wat vir die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam gehou word, **uitgesonderd die verkiesing van leerderlede.**

Datum, tyd en plek van benoemings- en verkiesingsvergadering van ouerlede

9. (1) Die skoolkiesbeampte bepaal 'n datum, tyd en plek vir 'n vergadering vir die benoeming en verkiesing van ouerlede en stel die prinsipaal skriftelik in kennis daarvan.

(2) Die benoeming en verkiesing van ouerlede word voorafgegaan deur die verkiesing van die ander kategorieë lede van die beheerliggaam.

(3) In die geval van 'n nuwe skool word die vergadering vir die benoeming en verkiesing van ouerlede gehou nie later nie as **90 dae** na die opening van die skool vir leerders.

(4) Die Departementshoof kan, indien dit redelikerwys nodig is in die omstandighede, 'n verlenging van die tydperk beoog in subregulasie (3) toelaat, maar sodanige verlenging mag nie langer as ses maande na die instelling van die skool wees nie.

Kennisgewing van benoemings- en verkiesingsvergadering van ouerlede

10. (1) Die skoolkiesbeampte stel 'n kennisgewing van die benoemings- en verkiesingsvergadering beoog in regulasie 9 in die vorm van Aanhangsel A en 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B op en voorsien die prinsipaal minstens 21 dae voor die benoemings- en verkiesingsvergadering van 'n eksemplaar van die kennisgewing en benoemingsvorm sodat daar aan die bepalings van subregulasie (4) uitvoering gegee kan word.

(2) Die kennisgewing aan die ouers moet—

- (a) die datum, tyd en plek van die vergadering vermeld;
- (b) ouers daaraan herinner om 'n vorm van identifikasie saam te bring sodat hulle toegelaat kan word om te stem; en
- (c) die datum, tyd en plek van 'n opvolgvergadering vermeld, wat minstens sewe dae en hoogstens 14 dae na die eerste vergadering gehou moet word indien daar op die eerste vergadering nie 'n kworum verkry is nie.

(3) Die identifikasie in subregulasie (2) beoog, is 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument of 'n tydelike identiteitsdokument deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik, of 'n permit in die geval van 'n buitelandse, ingevolge die “Immigration Act, 2002” (Wet 13 van 2002), uitgereik: Met dien verstande dat indien sodanige identifikasie nie beskikbaar is nie, 'n alternatiewe vorm van identifikasie deur 'n lid van die skoolkiesspan aanvaar kan word.

(4) Die prinsipaal moet minstens 21 dae voor die datum van die benoemings- en verkiesingsvergadering vir ouerlede—

- (a) toesien dat alle opvoeders afskrifte van die kennisgewing en benoemingsvorm vir elke leerder van die betrokke skool gee met die mondelinge opdrag om dit aan sy of haar ouers te gee;
- (b) toesien dat afskrifte van die kennisgewing en benoemingsvorm per pos aan die ouers van elke leerder by die skool gestuur word indien hy of sy dit dienstig ag;
- (c) 'n kombinasie van die twee kennisgewingsmetodes in subregulasie (4)(a) en (b) beoog, gebruik; of
- (d) enige ander metode gebruik om die ouers van elke leerder van die skool in kennis te stel van die benoemings- en verkiesingsvergadering van ouerlede, solank die metode van kennisgewing geen lede van die skoolgemeenskap benadeel of hul deelname aan die verkiesingsproses belemmer nie.

Kieserslyste

11. (1) Die prinsipaal moet 'n kieserslys saamstel vir elk van die volgende kategorieë kiesers, wat die name bevat van alle ouers, opvoeders en nie-opvoeders by die skool wat stemgeregtig is:

- (a) die kieserslys vir ouers moet op die skooltoelatingsregister gebaseer wees en stemgeregtigde kiesers is die mense wat in die toelatingsregister verskyn as ouers of wat bewys kan lewer dat hulle ouers is van leerders wat by die skool ingeskryf is;
- (b) die kieserslys vir opvoeders moet bestaan uit alle opvoeders wat by die skool in diens is; en

(c) die kieserslys vir nie-opvoeders moet bestaan uit alle nie-opvoeders wat by die skool in diens is.

(2) Die kieserslys vir ouers moet **minstens 14 dae** voor die vergadering **op hul versoek** ter insae aan ouers beskikbaar gestel word.

Kennisgewing van benoemings- en verkiesingsvergadering van ouerlede

12. (1) Om 'n ouerkandidaat te benoem, moet die ouer van 'n leerling aan die skool—

(a) **hoogstens sewe dae** voor die benoemings- en verkiesingsvergadering 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B, wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en ouerkandidaat ingevul is, by die skoolkiesbeampte indien; of

(b) 'n ouer as 'n lid van die beheerliggaam voorstel tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering.

(2) 'n Benoeming in subregulasie (1)(b) beoog, moet deur 'n ander ouer gesekondeer word en 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B moet behoorlik deur die voorsteller, die sekondant en, indien teenwoordig, die ouerkandidaat ingevul word en moet binne die tyd in subregulasie (3) bedoel, by die skoolkiesbeampte ingedien word.

(3) Indien 'n kworum soos in regulasie 13(2) bedoel, teenwoordig is, moet **die benoemings- en verkiesingsvergadering voortgaan** en moet die skoolkiesbeampte die tyd bepaal wat vir die benoeming van ouerkandidate toegelaat word, en hy of sy moet die vergadering daarvan in kennis stel.

(4) Indien 'n kworum soos in regulasie 13(2) beoog **nie binne 30 minute na die geskeduleerde begintyd van die vergadering bereik word nie**, moet die opvolgvergadering in regulasie 10(2)(c) beoog, waar geen kworum vereis word nie, ooreenkomstig subregulasie (5) gereël word.

(5) In die omstandighede in subregulasie (4) beoog—

(a) moet die skoolkiesbeampte die prinsipaal in kennis stel dat 'n kworum nie bereik is nie en dat 'n opvolgvergadering soos in regulasie 10(2)(c) beoog, gehou sal word **op die tyd, datum en plek wat in die kennisgewing vermeld word;**

(b) moet die prinsipaal binne twee dae na die eerste vergadering die kennisgewing aan ouers versprei deur die metodes beoog in regulasie 10(4);

(c) bly enige benoemings wat ingevolge subregulasie (1)(a) gedoen is, geldig vir die tweede vergadering; en

(d) kan bykomende benoemings van kandidate vir verkiesing by die opvolgvergadering ingedien word.

(6) 'n Ouerkandidaat mag nie homself of haarself benoem nie.

(7) Na verstryking van die tyd beoog in subregulasie (3) oorweeg die skoolkiesbeampte die benoemings en verwerp die benoeming van enige ouerkandidaat wat—

(a) nie ooreenkomstig subregulasie (1)(a) of (2) benoem is nie;

(b) onbevoeg is soos in regulasie 3 beoog;

(c) in die geval van 'n benoeming in subregulasie (1)(b) beoog, nie die benoemingsvorm ingevul het nie, tensy skriftelike bewys tot bevrediging van die skoolkiesbeampte voor die verstryking van die tyd in subregulasie (3) beoog, voorgelê word dat sodanige ouerkandidaat bereid sal wees om as lid van die beheerliggaam te dien; of

(d) homself of haarself benoem het,

en daarna maak die skoolkiesbeampte die name van die ouerkandidate wie se benoeming aanvaar is, bekend.

- (8) As die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is soos beoog in subregulasie (7)—
- (a) minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) vereis word ten opsigte van die betrokke beheerliggaam, word 'n nuwe vergadering waar bykomende ouerkandidate benoem moet word, belê ooreenkomstig die prosedures soos in hierdie regulasies uiteengesit;
 - (b) gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet die skoolkiesbeampte elke aanvaarde ouerkandidaat as 'n behoorlik verkose lid van die beheerliggaam verklaar;
 - (c) meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, word 'n stemming ooreenkomstig regulasie 13 gehou.

Stemming by verkiesing van ouerlede

13. (1) Die stemming in regulasie 12(8)(c) beoog, word gehou op die datum, tyd en plek wat ooreenkomstig die benoemings- en verkiesingsproses bepaal word.

(2) 'n Kworum van ouers—

- (a) bestaan uit 10 persent van die totale getal ouers op die kiesersrol; en
- (b) moet by 'n stemming teenwoordig wees vir 'n verkiesing om plaas te vind.

(3) Die skoolkiesbeampte reik aan elke ouer wat stemgeregtig is en 'n stem wil uitbring, 'n goedgekeurde stembrief uit waarop die skoolstempel verskyn.

(4) 'n Ouer bring sy of haar stem op die stembrief beoog in subregulasie (3) uit: Met dien verstande dat indien 'n ouer weens ongeletterdheid, blindheid of 'n ander liggaamsgebrek nie in staat is om sy of haar stem uit te bring nie, die skoolkiesbeampte, op versoek van daardie ouer en in die teenwoordigheid van 'n getuie van die ouer se keuse, die stem van die ouer op die ouerkandidaat of ouerkandidate deur die betrokke ouer aangedui, op die stembrief uitbring.

(5) Die skoolkiesbeampte moet 'n stembrief verwerp—

- (a) waarop die skoolstempel in subregulasie (3) beoog, nie verskyn nie;
- (b) waarop meer stemme uitgebring is as die getal lede wat ooreenkomstig regulasie 2 verkies moet word; of
- (c) wat so ingevul is dat dit volgens die oordeel van die skoolkiesbeampte onseker is op watter ouerkandidaat of ouerkandidate 'n stem uitgebring is.

(6) Die skoolkiesbeampte moet—

- (a) in die teenwoordigheid van elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, verseker dat die stemme wat op elke ouerkandidaat uitgebring is, deur die skoolkiesspan getel word; en
- (b) die getal ouers wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, op wie die meeste stemme uitgebring is, tot behoorlik verkose lede van die beheerliggaam verklaar en die getal stemme wat op elke ouerkandidaat uitgebring is, vermeld.

(7) Indien die getal stemme wat op twee of meer ouerkandidate uitgebring is, gelyk is en dit die uitslag van die stemming beïnvloed, moet die skoolkiesbeampte, in die teenwoordigheid van elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, lootjies trek om te bepaal watter van die ouers suksesvol verkies is.

(8) Geen volmagstemme is by beheerliggaamverkiesings aanvaarbaar nie.

Afwyking van enkele benoemings- en verkiesingsvergadering

14. (1) 'n Beheerliggaam kan by die distriksdirekteur aansoek doen, **minstens 60 dae** voor die datum van die verkiesing wat ingevolge subregulasie (4) bepaal moet word, vir goedkeuring om af te wyk van die prosedure vir die benoeming en verkiesing van ouerlede soos in regulasies 10, 12 en 13 beoog.

(2) Die aansoek beoog in subregulasie (1) moet volledig gemotiveerd wees en moet die **prosedure** waarvolgens die skool beoog om die benoeming en verkiesing van die ouerlede van die beheerliggaam te bestuur, duidelik aandui.

(3) Die **distriksdirekteur** moet—

- (a) die aansoek oorweeg en die aangeleentheid skriftelik beslis **binne 14 dae** na ontvangs van die aansoek;
- (b) die aansoek toestaan as hy of sy oortuig is dat—
 - (i) die afwyking die belange van die betrokke skoolgemeenskap en die skool sal bevorder;
 - (ii) die afwyking voorsiening sal maak vir maksimum deelname van ouers om hul stem tydens die verkiesing uit te bring;
 - (iii) **die afwyking nie die ouers se vermoë om vir kandidate te stem, in die gedrang sal bring nie;**
 - (iv) die afwyking nie onbillik teen enige potensiële kiesers sal diskrimineer nie;
 - (v) daar effektief voorsiening gemaak word vir 'n billike benoemingsproses in die aanloop tot die verkiesing; en
 - (vi) die ouers behoorlik ingelig sal word oor die besonderhede van die kandidate.

(4) Die skoolkiesbeampte moet—

- (a) die datum en tyd van die verkiesing bepaal;
- (b) 'n geskikte plek identifiseer;
- (c) verseker dat die benoemingsvorms en kennisgewing van die verkiesing opgestel word; en
- (d) verseker dat die benoemingsvorms en kennisgewing **minstens 21 dae** voor die verkiesing versprei word volgens metodes wat in regulasie 10(4) beoog word.

(5) Indien **die distriksdirekteur** die aansoek vir 'n afwyking toestaan—

- (a) sal daar geen enkele benoemings- en verkiesingsvergadering wees nie;
- (b) moet alle benoemings skriftelik ingedien word op 'n benoemingsvorm soos in Aanhangsel B beoog, en moet dit by die skool waar die verkiesing gaan plaasvind, ingedien word **minstens 14 dae** voor die datum van die verkiesing; en
- (c) moet die besonderhede van benoemde kandidate vir die verkiesing en wie se benoeming aanvaar is, **minstens sewe dae** voor die verkiesing skriftelik aan alle ouers van die skool gestuur word.

(6) Om 'n verkiesing ingevolge hierdie regulasie geldig te maak en benoemde kandidate as **gekose te beskou**, moet 'n kworum van ouers van **minstens 10 persent** van die totale aantal ouers op die kieserslys in **die verkiesing gestem het**.

(7) Indien daar nie 'n kworum van ouers soos in subregulasie (6) beoog stem nie, moet 'n opvolgverkiesing, waar 'n kworum nie vereis word nie, **hoogstens sewe dae na** die vorige verkiesing gehou word.

- (8) In die omstandighede in subregulasie (7) beoog—
- (a) moet die skoolkiesbeampte die prinsipaal voorsien van 'n kennisgewing waarin vermeld word dat 'n kworum nie verkry is nie en dat 'n opvolgverkiesing gehou moet word;
 - (b) bly enige vorige benoemings wat gemaak of ingedien is, geldig vir die opvolgverkiesing.
- (9)(a) 'n Beheerliggaam wat nie tevrede is met die besluit van die distriksdirekteur soos beoog in subregulasie (3)(a) nie, kan binne 14 dae na ontvangs van die besluit van die distriksdirekteur by die Departementshoof appèl aanteken.
- (b) Die Departementshoof moet die appèl oorweeg en die aangeleentheid skriftelik beslis binne 14 dae na ontvangs van die appèl.

Benoemings- en verkiesingsvergadering van opvoederlede

15. (1) Die skoolkiesbeampte moet in 'n kennisgewing in die vorm van Aanhangsel A 'n datum, tyd en plek vir 'n vergadering vir die benoeming en verkiesing van opvoederlede van die beheerliggaam aandui, wat minstens 14 dae voor die benoemings- en verkiesingsvergadering vir ouerlede gehou moet word.

- (2) Om 'n opvoederkandidaat te benoem, moet 'n opvoeder op die diensstaat van dieselfde skool—
- (a) 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B, wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en opvoederkandidaat ingevul is, hoogstens sewe dae voor die datum van die benoemings- en verkiesingsvergadering by die skoolkiesbeampte indien; of
 - (b) 'n opvoeder as 'n lid van die beheerliggaam voorstel tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering.

(3) 'n Benoeming in subregulasie (2)(b) beoog, moet deur 'n ander opvoeder gesekondeer word en 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B moet behoorlik deur die voorsteller, die sekondant en, indien teenwoordig, die opvoederkandidaat ingevul word en moet binne die tyd in subregulasie (4) beoog, by die skoolkiesbeampte ingedien word.

(4) Indien 'n kworum soos in regulasie 16(2) bedoel, teenwoordig is, moet die skoolkiesbeampte die tyd bepaal wat tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering vir die benoeming van opvoederkandidate toegelaat word, en hy of sy moet die vergadering daarvan in kennis stel.

(5) 'n Opvoederkandidaat mag nie homself of haarself benoem nie.

(6) Na die verstryking van die tyd in subregulasie (4) beoog, oorweeg die skoolkiesbeampte die benoemings en verwerp die benoeming van enige opvoederkandidaat wat—

- (a) nie ooreenkomstig subregulasie (2)(a) of (3) benoem is nie;
- (b) onbevoeg is soos in regulasie 3 beoog;
- (c) in die geval van 'n benoeming beoog in subregulasie (2)(b), nie die benoemingsvorm ingevul het nie, tensy skriftelike bewys tot bevrediging van die skoolkiesbeampte voor die verstryking van die tyd in subregulasie (4) beoog, voorgelê word dat die opvoederkandidaat bereid sal wees om as lid van die beheerliggaam te dien; of
- (d) homself of haarself benoem het,

en daarna maak die skoolkiesbeampte die name van die opvoederkandidate wie se benoemings aanvaar is, bekend.

(7) As die totale getal opvoederkandidate wie se benoemings aanvaar is soos in subregulasie (6) beoog—

- (a) minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) bepaal is ten opsigte van die betrokke beheerliggaam, word 'n nuwe vergadering waar bykomende opvoederkandidate benoem moet word, **belê binne sewe dae vanaf die eerste vergadering** ooreenkomstig die prosedures soos in hierdie regulasies uiteengesit;
- (b) gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, verklaar die skoolkiesbeampte elke aanvaarde opvoederkandidaat tot 'n behoorlik verkose lid van die beheerliggaam;
- (c) meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, word 'n stemming ooreenkomstig regulasie 16 gehou.

(8) Indien daar tien of minder opvoeders op die diensstaat van 'n skool is, word die prosedure vir die benoeming van opvoederlede nie gevolg nie maar word die prosedure vir die stemming beoog in regulasie 16 gevolg.

Stemming by verkiesing van opvoederlede

16. (1) Die skoolkiesbeampte stel 'n kennisgewing van die benoemings- en verkiesingsvergadering op en besorg **minstens sewe dae** voor die vergadering 'n afskrif van die kennisgewing aan elke opvoeder op die diensstaat van die skool.

(2) 'n Kworum tydens die vergadering bestaan uit 'n meerderheid van die totale getal opvoeders op die diensstaat van die skool.

(3) Die skoolkiesbeampte reik aan elke opvoeder **wat sy of haar stem wil uitbring**, 'n goedgekeurde stembrief uit waarop die skoolstempel verskyn.

(4) 'n Opvoeder in subregulasie (1) beoog, bring sy of haar stem uit op die stembrief deur die name van hoogstens twee opvoederkandidate daarop te skryf.

(5) Die skoolkiesbeampte moet 'n stembrief verwerp—

- (a) waarop die skoolstempel beoog in subregulasie (3) nie verskyn nie;
- (b) waarop die name van meer as twee opvoederkandidate verskyn; of
- (c) wat so ingevul is dat dit volgens die oordeel van die skoolkiesbeampte onseker is op watter opvoederkandidaat of opvoederkandidate 'n stem uitgebring is.

(6) Die twee opvoederkandidate op wie die meeste stemme uitgebring is, word deur die skoolkiesbeampte as behoorlik verkose verklaar.

(7) Indien geen opvoederkandidaat 'n meerderheid van die stemme behaal nie, word die kandidaat wat die laagste getal stemme ontvang het, uitgeskakel en word nog 'n stemming oor die oorblywende kandidate ooreenkomstig hierdie regulasies gehou. Die prosedure word herhaal totdat 'n opvoederkandidaat 'n meerderheid van die stemme kry.

(8) By die toepassing van subregulasie (7), indien twee of meer opvoederkandidate elk die laagste getal stemme het, moet daar afsonderlik gestem word oor hierdie kandidate en dit moet herhaal word so dikwels as wat nodig is om te bepaal watter kandidaat uitgeskakel moet word.

Benoeming en verkiesing van 'n nie-opvoederlid

17. Die prosedure vir die benoeming en verkiesing van opvoederlede is, met die nodige veranderinge, van toepassing by die benoeming en verkiesing van 'n nie-opvoederlid.

Benoeming en verkiesing van leerderlede

18. Die twee leerderlede beoog in regulasie 2(1)(d) en (6)(d) word deur die verteenwoordigende raad van leerders uit eie geledere gekies soos beoog in die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole, gemaak deur die Provinsiale Minister onder Provinsiale Kennisgewing 272/2014 in *Provinsiale Koerant* 7317, van 13 Oktober 2014.

Besluite van skoolkiesbeampte

19. (1) Die skoolkiesbeampte beslis en skik alle aangeleenthede rakende die benoeming van kandidate en die verkiesing van lede.

(2) Behoudens regulasie 20(1) moet alle geskille oor die benoemings- en verkiesingsproses by die skoolkiesbeampte aangemeld word.

(3) Die skoolkiesbeampte **poog** om alle geskille te besleg ten einde verkiesings onbetwis te verklaar.

(4) 'n Besluit van die skoolkiesbeampte tydens die benoemings- en verkiesingsproses is finaal.

(5) Indien daar 'n geskil is wat die skoolkiesbeampte nie kan besleg nie, moet die verkiesing voortgaan. (Nominasie)

Besluite van distrikskiesbeampte

20. (1) Enige persoon wat 'n beswaar teen 'n besluit van 'n skoolkiesbeampte wil aanteken, moet die beswaar binne sewe dae na die verkiesing van lede in die betrokke kategorie skriftelik by die betrokke distrikskiesbeampte aanteken.

(2) Die distrikskiesbeampte moet die beswaar oorweeg en binne sewe dae na ontvangs van die beswaar skriftelik reageer.

(3) Enige persoon wat nie met 'n besluit van die distrikskiesbeampte tevrede is nie, kan binne 21 dae na ontvangs van die besluit van die distrikskiesbeampte by die Provinsiale Minister appèl aanteken.

(4) Die Provinsiale Minister moet die appèl oorweeg en die aangeleentheid skriftelik beslis binne 21 dae na ontvangs van die appèl.

(5) Die lede van 'n uittredende beheerliggaam behou hul lidmaatskap totdat enige besware of appèlle wat kragtens subregulasie (1) of (3) ingedien is, afgehandel is.

Prosedure na verkiesing van beheerliggaam

21. (1) Na die verkiesing van 'n beheerliggaam moet die skoolkiesbeampte—

(a) alle dokumente wat by die benoeming en verkiesing van die lede gebruik is, met inbegrip van alle ingevulde stembriewe wat in die verkiesing gebruik is en alle benoemingsvorme wat ontvang is, in koeverte plaas en die koeverte verseël;

(b) daardie koeverte in veilige bewaring hou vir 'n tydperk van minstens drie jaar na die datum van die verkiesing van die betrokke beheerliggaam;

(c) elke verkose lid skriftelik in kennis stel van sy of haar verkiesing; en

(d) die prinsipaal en die distrikskiesbeampte binne drie dae na die datum van die benoemings- en verkiesingsvergadering of die stemming, na gelang van die geval, skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die persone wat tot lede verkies is.

(2) Die uittredende beheerliggaam gaan voort met die verrigting van sy werksaamhede tot die eerste vergadering van die nuut verkose beheerliggaam soos in regulasie 22(1) beoog.

Verkiesing van ampsdraers

22. (1) Die prinsipaal belê die eerste vergadering van die nuut verkose beheerliggaam binne sewe dae na ontvangs van die kennisgewing in regulasie 21(1)(d) beoog ten einde die ampsdraers van die beheerliggaam te kies.

(2) Die oorhandigingsproses moet binne 14 dae na die eerste vergadering van die nuwe beheerliggaam plaasvind, en die prinsipaal moet die oorhandigingsproses fasiliteer.

(3) Op die eerste vergadering van die beheerliggaam verkies so 'n liggaam uit sy geledere ampsdraers, wat minstens 'n voorsitter, 'n tesourier en 'n sekretaris insluit.

(4) Geen lid mag meer as een amp van die beheerliggaam gelyktydig beklee nie.

(5) In die omstandighede in regulasie 2(1), (2), (3), (4) en (5) beoog, mag net 'n ouerlid van 'n beheerliggaam as voorsitter of ondervoorsitter van die beheerliggaam dien.

(6) Enige opvoeder, nie-opvoeder of ouerlid, met inbegrip van 'n gekoöpteerde lid van die beheerliggaam, kan as sekretaris of tesourier dien.

(7) Enige lid met stemreg kan as voorsitter van 'n komitee van die beheerliggaam dien.

(8) Behoudens subregulasie (9) beklee die ampsdraers hul ampte vir 'n termyn van 12 maande vanaf hul verkiesing.

(9) 'n Ampsdraer van 'n beheerliggaam kan herkies word as 'n ampsdraer na verstryking van sy of haar ampstermyn, met dien verstande dat hy of sy steeds kwalifiseer om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

(10) Waar die amp van 'n ampsdraer om enige rede vakant raak, verkies die beheerliggaam op die eerste vergadering nadat die vakature ontstaan het, een van sy lede om die vakature vir die onverstreke ampstermyn van sy of haar voorganger te vul.

(11) Die prinsipaal presideer by 'n verkiesingsvergadering beoog in subregulasies (3) en (10).

(12) Die prinsipaal moet na 'n vergadering waarop enige ampsdraer ooreenkomstig hierdie regulasie verkies is, die Departementshoof deur middel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se aanlyn bestuursinligtingstelsel in kennis stel van die datum van die vergadering en van die naam en adres van die persoon wat verkies is en die amp waartoe hy of sy verkies is.

(13) By verstryking van sy of haar ampstermyn moet 'n uittredende ampsdraer sy of haar werksaamhede verrig totdat die nuwe ampsdraer wat hom of haar sal vervang, plaasgevind het, met dien verstande dat die nuwe ampsdraer kwalifiseer om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

Vergaderings van beheerliggaam

23. (1) Die voorsitter van 'n beheerliggaam bepaal die datum, tyd en plek van 'n vergadering van die beheerliggaam en die sekretaris van die beheerliggaam stel elke lid minstens 14 dae voor sodanige vergadering skriftelik daarvan in kennis.

(2) In die omstandighede in subregulasie (1) beoog, as die voorsitter van die beheerliggaam van mening is dat 'n aangeleentheid dringende aandag vereis, moet die sekretaris van die beheerliggaam vir elke lid minstens 24 uur kennis van die vergadering gee.

(3) Enigiemand kan op uitnodiging van die beheerliggaam by 'n vergadering van die liggaam teenwoordig wees en aan die bespreking deelneem, maar het nie stemreg nie en verlaat die vergadering wanneer die beheerliggaam 'n besluit neem.

(4) 'n Beheerliggaam kan vereis dat enige personeellid van die betrokke skool 'n vergadering van die liggaam moet bywoon in verband met enige aangeleentheid wat op die werksaamhede van die beheerliggaam betrekking het.

(5) Die meerderheid van alle stemgeregtigde lede van 'n beheerliggaam vorm 'n kworum vir enige vergadering van die beheerliggaam.

(6) 'n Beheerliggaam bepaal sy eie reëls betreffende sy vergaderings en die prosedures op daardie vergaderings.

Notule van verrigtinge van vergaderings

24. (1) Die sekretaris van 'n beheerliggaam hou notule van die verrigtinge van elke vergadering van die beheerliggaam en verskaf **minstens 14 dae** voor die volgende vergadering aan elke lid van die beheerliggaam 'n afskrif van die notule.

(2) Op redelike versoek en vir 'n spesifieke doel voorsien die sekretaris van 'n beheerliggaam die Departementshoof of enige persoon wat behoorlik deur die Departementshoof aangewys is, van 'n afskrif van die notule.

(3) Die sekretaris van 'n beheerliggaam voorsien, op versoek, 'n ouer van 'n leerder by die skool, 'n opvoeder of 'n nie-opvoeder by die skool van 'n afskrif van die **dele van die notule wat betrekking het op die beskerming van sy of haar regte of belange, of die regte of belange van sy of haar kind.**

(4) In die omstandighede beoog in subregulasie (3) moet daar geen skending van regte van enige ander persone of verbreking van vertroulikheid wees waar sodanige verbreking nie in die beste belang van die skool of lid van die beheerliggaam, personeellid, ouer of leerder by die skool nie.

(5) Die notule van 'n vergadering van 'n beheerliggaam of 'n komitee daarvan word op die eersvolgende vergadering van die beheerliggaam of 'n komitee daarvan, na gelang van die geval, vir goedkeuring voorgelê.

(6) By die ontbinding van 'n beheerliggaam of die verstryking van sy ampstermyn word alle notules en ander dokumente van die beheerliggaam en enige komitee daarvan aan die prinsipaal van die skool oorhandig.

(7) By die sluiting van 'n skool moet die prinsipaal alle notules en ander dokumente van die beheerliggaam of enige komitee daarvan by die Departementshoof inhandig vir veilige bewaring.

Oorgangsbepalings

25. 'n Beheerliggaam by 'n openbare skool wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies geldig saamgestel was ingevolge die Bepaling van die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2015, gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewing 40/2015 in *Provinsiale Koerant* 7352 van 6 Februarie 2015, word geag saamgestel te wees ingevolge hierdie regulasies.

Herroeping

26. Die Bepaling van die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2015, gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewing 40/2015 in *Provinsiale Koerant* 7352 van 6 Februarie 2015, word herroep.

Kort titel en inwerkingtreeding

27. Hierdie regulasies heet die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017, en tree op 18 Augustus 2017 in werking.

AANHANGSEL A

Kennisgewing van Benoemings- en Verkiesingsvergadering

Verkiesing van Ouers van leerders / Opvoeders / Nie-opvoeders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 10, 12, 13, 15, 16 en 17 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017)

NAAM VAN SKOOL:

Kennis word hiermee gegee dat 'n vergadering vir die benoeming en verkiesing van kandidate vir die verkiesing van(ouers van leerders / opvoeders / nie-opvoeders) as lede van die beheerliggaam vir die bogenoemde skool gehou sal word op (datum) om(tyd) te(plek). Indien 'n kworum nie bereik word nie, sal 'n opvolgvergadering gehou word om(tyd) op(datum).

Daar sal om(tyd) op die aand van die benoemings- en verkiesingsvergadering bepaal word of daar genoeg stemgeregtigde ouers / opvoeders / nie-opvoeders teenwoordig is sodat die vergadering kan voortgaan. Ouers / Opvoeders / Nie-opvoeders word dus aangemoedig om die vergadering by te woon en **ouers moet hul Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument saambring, of 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake of, in die geval van 'n buitelander, 'n permit uitgereik ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002).**

Wees asseblief voor(tyd) by die vergadering.

'n Kandidaat kan ook op die vergadering benoem word of kan benoem word deur **minstens sewe dae** voor bogenoemde vergadering 'n benoemingsvorm in te dien by die skoolkiesbeampte wat behoorlik ingevul is deur 'n voorsteller, die sekondant en die benoemde kandidaat. Vir hierdie doel sal benoemings by die skool aanvaar word vanaf(datum) tot(tyd) op(datum) word.

Indien daar meer kandidate benoem word as die getal lede wat verkies moet word, sal 'n stemming gehou word nadat die benoemings ingedien is.

.....
DATUM

.....
HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTTE

ADRES:
.....
.....
.....

VERKIESINGSREËLS

(Moet kennisgewing van 'n benoemings- en verkiesingsvergadering vergesel.)

1. SAMESTELLING VAN BEHEERLIGGAAM

- (a) 'n Beheerliggaam van 'n gewone sekondêre skool, 'n middelbare skool en 'n gekombineerde skool bestaan uit—
- (i) sewe ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (ii) twee opvoeders by die skool, gekies deur opvoeders in diens by die skool;
 - (iii) een nie-opvoeder by die skool, gekies deur personeel by die skool wat nie opvoeders is nie;
 - (iv) twee leerders in die agtste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy geledere; en
 - (v) die prinsipaal.
- (b) Behoudens paragrawe (c), (d) en (e) moet 'n beheerliggaam van 'n gewone primêre skool bestaan uit—
- (i) vyf ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (ii) twee opvoeders by die skool, gekies deur opvoeders in diens by die skool;
 - (iii) een nie-opvoeder by die skool, gekies deur personeel by die skool wat nie opvoeders is nie; en
 - (iv) die prinsipaal.
- (c) 'n Beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van een opvoeder bestaan uit—
- (i) twee ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie; en
 - (ii) die prinsipaal.
- (d) 'n Beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van een opvoeder en een nie-opvoeder bestaan uit—
- (i) drie ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (ii) die prinsipaal; en
 - (iii) die nie-opvoeder by die skool.
- (e) 'n Beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van twee opvoeders en een nie-opvoeder bestaan uit—
- (i) vier ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
 - (ii) een opvoeder by die skool, gekies deur opvoeders in diens by die skool;

- (iii) die nie-opvoeder by die skool; en
 - (iv) die prinsipaal.
- (f) 'n Beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte bestaan uit—
- (i) sewe ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie, **indien redelikerwys doenlik**;
 - (ii) twee opvoeders by die skool, gekies deur opvoeders in diens by die skool;
 - (iii) een nie-opvoeder by die skool, gekies deur personeel by die skool wat nie opvoeders is nie;
 - (iv) twee leerders in die agtste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy geledere, indien doenlik;
 - (v) die prinsipaal;
 - (vi) een verteenwoordiger van borgliggame, indien van toepassing;
 - (vii) een verteenwoordiger van organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoefte, indien van toepassing;
 - (viii) een verteenwoordiger van organisasies van gestremde persone, indien van toepassing;
 - (ix) een gestremde persoon, indien van toepassing; en
 - (x) een deskundige op gepaste gebiede van spesiale onderwysbehoefte.

2. BENOEMINGS VAN OUERLEDE

- (a) Elke ouerkandidaat moet op 'n benoemingsvorm voorgestel en gesekondeer word deur ouers wat stemgeregtig is soos in paragraaf 4 hieronder aangedui. 'n Kieser wat 'n ouerkandidaat voorstel of sekondeer, moet eers bevestig dat die ouerkandidaat nie gediskwalifiseer is om tot lid verkies te word nie soos aangedui in paragraaf 3 hieronder.
- (b) 'n **Aparte** benoemingsvorm moet vir elke benoeming van 'n ouerkandidaat ingevul word.
- (c) Die kiesbeampte bepaal die tyd wat toegelaat word **voor die benoemings- en verkiesingsvergadering** en tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering vir die benoeming van ouerkandidate, en die kiesbeampte moet die vergadering daarvan in kennis stel.
- (d) 'n Ouerkandidaat mag nie homself of haarself benoem nie.

3. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE

- 'n Persoon mag nie as 'n lid van 'n beheerliggaam benoem of aangestel word nie indien hy of sy—
- (a) te **eniger tyd** deur 'n geregshof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy of sy 'n opgeskorte vonnis **sonder die keuse van 'n boete** gekry het of tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is, tensy hy of sy kwytskelding gekry het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (b) **verklaar is as ongeskik om met kinders te werk ingevolge die "Children's Act, 2005" (Wet 38 van 2005), of die "Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007" (Wet 32 van 2007);**
 - (c) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur 'n geregshof;

- (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (e) in die geval van 'n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), skuldig bevind is aan wangedrag en—
- (i) beboet is;
 - (ii) sonder betaling geskors is;
 - (iii) gedemoveer is; of
 - (iv) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrafe (i) tot (iii) gekry het,
- tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (f) in die geval van 'n nie-opvoeder wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), of deur die beheerliggaam aangestel is, skuldig bevind is aan wangedrag en—
- (i) sonder betaling geskors is;
 - (ii) gedemoveer is; of
 - (iii) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrafe (i) en (ii) gekry het,
- tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (g) in die geval van 'n ouer, nie 'n kind het wat as 'n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie en nie 'n versorger van die kind is nie; of
- (h) gedurende die vorige drie jaar deur die hoof van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement uit 'n beheerliggaam verwyder is.

4. STEMREG

- (a) Elke ouer van een of meer leerders wat by die skool ingeskryf is ten tyde van die verkiesing van lede van die beheerliggaam, is daarop geregtig om by die verkiesing vir ouerlede te stem. Hoogstens twee ouers per leerder word toegelaat om te stem.
- (b) Elke opvoeder wat by die skool in diens is ten tyde van die verkiesing van lede van die beheerliggaam, insluitend die prinsipaal, is geregtig om by die verkiesing vir opvoederlede te stem.
- (c) Elke nie-opvoeder wat by die skool in diens is ten tyde van die verkiesing van lede van die beheerliggaam, is geregtig om by die verkiesing vir nie-opvoederlede te stem: Met dien verstande dat indien die skool slegs een nie-opvoeder het, daardie persoon outomaties verkies is.
- (d) Elke lid van die verteenwoordigende raad van leerders by die skool ten tyde van die verkiesing van lede van die beheerliggaam is geregtig om by die verkiesing vir leerderlede te stem.
- (e) Elke stemgeregtigde persoon mag net een keer vir 'n bepaalde kandidaat stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal lede wat in die betrokke kategorie lede verkies moet word.

5. ALGEMEEN

Die prinsipaal kan—

- (a) sodanige bykomende inligting by hierdie aanhangsel insluit as wat hy of sy nodig ag vir die glatte verloop van die verkiesing, soos byvoorbeeld die belangrikheid van ouerdeelname; of
- (b) die dele van die aanhangsel wat nie op die betrokke verkiesing betrekking het nie, weglaat.

AANHANGSEL B**BENOEMINGSVORM**

Verkiesing van Ouers van Leerders / Opvoeders / Nie-opvoeders as
Lede van Beheerliggaam

(Regulasies 10, 12, 13, 14, 15, 16 en 17 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017)

(By die benoeming en verkiesing van lede van die beheerliggaam moet daar gestreef word na die hoogste moontlike vlak van verteenwoordiging, en ons moedig ouers / **opvoeders / nie-opvoeders** dus aan om aan hierdie proses deel te neem.)

NAAM VAN SKOOL:

VOORSTELLER:

Ek,,
(Volle naam)

van,
(Woonadres)

as 'n ouer van 'n leerder / opvoeder / nie-opvoeder van bogenoemde skool, stel hiermee

.....
(Volle naam van kandidaat)

voor as lid van die beheerliggaam van die bogenoemde skool.

.....
HANDTEKENING VAN VOORSTELLER

SEKONDANT:

Ek,,
(Volle naam)

van,
(Woonadres)

as 'n ouer van 'n leerder / opvoeder / nie-opvoeder van die bogenoemde skool, sekondeer hierby die bogenoemde voorstel.

.....
HANDTEKENING VAN SEKONDANT

KANDIDAAT:

Ek,,
(Volle naam)

van,
(Woonadres)

verklaar hiermee dat ek—

- (a) die bogenoemde benoeming aanvaar; en
- (b) **nie gediskwalifiseer is** soos beoog in paragraaf 3 van die “Verkiesingsreëls” (sien Aanhangsel A) om 'n lid van 'n beheerliggaam te wees nie.

.....
HANDTEKENING VAN KANDIDAAT

OF

(INDIEN VOORGESTEL OP BENOEMINGS- EN VERKIESINGSVERGADERING EN NIE
TEENWOORDIG OM DIE BENOEMINGSVORM IN TE VUL NIE)

Ek,,
(Volle naam)

verklaar dat skriftelike bewys tot my tevredenheid voorgelê is dat bogenoemde kandidaat, wat nie op die benoemings- en verkiesingsvergadering teenwoordig is om die benoemingsvorm in te vul nie, bereid sal wees, indien verkies, om as 'n lid van die beheerliggaam te dien.

.....
HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

Hierdie benoeming word aanvaar / verwerp.
(Skrap wat nie van toepassing is nie.)

.....
DATUM

.....
HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

**ISAZISO SEPHONDO
WESTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT**

I.S. 156/2017

17 kweyeThupha 2017

**IMIGAQO ESAYILWAYO YENKQUBO-NKCAZELO YOKUMISELA NOKUNYULA
AMABHUNGA OLAWULO EZIKOLO ZIKARHULUMENTE, 2017**

UMphathiswa wePhondo wezeMfundo eNtshona Koloni, phantsi kwecandelo 24, elifundwa kunye necandelo 63, lomthetho iWestern Cape Provincial School Education Act, 1997 (uMthetho 12 ka-1997), uzimisele ukwenza imigaqo echazwe kwiShedyuli.

ISHEDYULI

UKULANDELELANA KWEMIGAQO

Imigaqo

1. Inkcazelo
2. Amalungu ebhunga lolawulo lesikolo
3. Abantu ekungavumelekanga ukuba babe ngamalungu ebhunga lolawulo lesikolo
4. Ixesha eliya kuhlalwa ngamalungu ebhunga lolawulo lesikolo
5. Izithuba kwibhunga lolawulo lesikolo
6. Ukuchithwa nokumiselwa kwakhona kwebhunga lolawulo lesikolo
7. Ilungelo lokuvota
8. Igosa lonyulo lesikolo
9. Igosa lonyulo lesithili
10. Umhla, ixesha nendawo yentlanganiso yokutyunjwa nokunyulwa kwamalungu angabazali
11. Uludwe lwabavoti
12. Intlanganiso yokutyumba nokunyula amalungu angabazali
13. Ukuvota kunyulo lwamalungu angabazali
14. Ukutshintsha inkqubo yokutyumba umntu omnye nentlanganiso yokunyula
15. Intlanganiso yokutyumba nokunyula amalungu aziititshala
17. Ukuvota kunyulo lwamalungu aziititshala
18. Ukutyunjwa nokunyulwa kwelungu elingeyotitshala
19. Ukutyunjwa nokunyulwa kwamalungu angabafundi
20. Izigqibo zegosa lonyulo lesikolo
21. Izigqibo zegosa lonyulo lesithili

22. Inkqubo emva konyulo lwebhunga lolawulo lesikolo
23. Ukunyulwa kwamalungu ekomiti yequmrhu
24. Iintlanganiso zebhunga lolawulo lesikolo
25. Imizuzu yeentlanganiso
26. Utshitshiso
27. Isihloko esifutshane nokuqala kokusebenza kwemigaqo

Iinkcazelo

1. Kule migaqo, ngaphandle kokuba kukho enye into echaziweyo, naliphi na igama okanye ibinzana elinenkcazelo enikiweyo kuMthetho, lisenaloo ntsingiselo ebeliyinikiwe kuMthetho, ngaphandle kokuba imeko yelo gama ithetha enye into—

“**umgaqo wokuziphatha**” uthetha umgaqo wokuziphatha webhunga lolawulo lesikolo njengoko lichaziwe kwicandelo 26A loMthetho;

“**usuku**” luthetha naluphi na usuku, kubandakanywa uMgqibelo, iCawe, iholide kawonkewonke nosuku oluyiholide yesikolo;

“**igosa lonyulo lesithili**” lithetha igosa lesithili elikwisikhundla esiphezulu kwiofisi yesithili elinoxanduva lokubeka iliso nokulawula inkqubo yonyulo kwisithili;

“**ititshala**” ibhekisa kuye nawuphi umntu oqeshwe yiNtloko yeSebe okanye libhunga lolawulo lesikolo, obandakanya ootitshala besigaba R kodwa ayibandakanyi umntu oqeshelwe ukuba angafundisi eklasini, ofundisa okanye oqeqesha abanye abantu okanye obonelela ngeenkono zobungcali bemfundo, ezibandakanya iinkono zeengcebiso ngokwasengqondweni nasemphefumleni kwisikolo sikarhulumente, kodwa azibandakanyi umntu oqeshelwe ukwenza izinto ezingenanto yakwenza nokufundisa eklasini;

“**ilungu**” lithetha ilungu lebhunga lolawulo lesikolo;

“**umntu ongeyotitshala**” uthetha umntu oqeshwe kulandelwa iPublic Service Act, 1994 (iSibhengezo 103 sika-1994), okanye umntu oqeshwe libhunga lolawulo lesikolo, ongeyotitshala;

“**isikolo sesiqhelo**” sithetha isikolo sabafundi ngaphandle kwesikolo sabafundi abanezidingo ezikhethekileyo zemfundo;

“**isikolo**” sibhekisa kwisikolo sesiqhelo sikarhulumente okanye isikolo sikarhulumente sabafundi abanezidingo zemfundo ezizodwa;

“**igosa lonyulo lesikolo**” lithetha igosa lonyulo elixelwe kumgaqo 8;

“**iqela lonyulo lesikolo**” lithetha igosa lonyulo lesikolo elityunjwe kulandelwa umgaqo 8(1) kunye nabantu abatyunjelwe ukuncedisa igosa lonyulo lesikolo ngokomgaqo 8(2);

“**ISouth African Schools Act**” ithetha iSouth African Schools Act, 1996 (uMthetho 84 ka-1996);

“**iqumrhu elixhasa ngezimali**” lithetha iqumrhu elibonelela ngenkxaso yemali kwisikolo esinabafundi abanezidingo zemfundo ezizodwa;

“**uMthetho**” ubhekisa kwiWestern Cape School Education Act, 1997 (UMthetho 12 ka- 1997).

Amalungu ebhunga lolawulo lesikolo

2. (1) Kulandelwa umgaqo (19) kunye nomgaqo 6(4), ibhunga lolawulo lesikolo sikarhulumente samabanga aphakamileyo, esamabanga aphakathi okanye ezihlanganisiweyo kufuneka liqulathe—

- (a) abazali abasixhenxe abangaqeshwanga kwisikolo liSebe lezeMfundo leNtshona Koloni okanye libhunga lolawulo lesikolo;

- (b) ootitshala ababini kweso sikolo;
 - (c) umsebenzi omnye ongeyotitshala kweso sikolo;
 - (d) abafundi ababini abasuka kwibhunga elimele abafundi; kunye
 - (e) nenqununu.
- (2) Kulandelwa imigaqwana (3), (4), (5) no-(19) kunye nomgaqo 6(4), ibhunga lolawulo lesikolo sesiqhelo kufuneka liqulathe—
- (a) abazali abahlanu abangaqeshwanga kwisikolo liSebe lezeMfundo leNtshona Koloni okanye libhunga lolawulo lesikolo;
 - (b) ootitshala ababini kweso sikolo;
 - (c) umsebenzi omnye ongeyotitshala kweso sikolo; kunye
 - (d) nenqununu.
- (3) Kulandelwa umgaqwana (19) kunye nomgaqo 6(4), ibhunga lolawulo lesikolo samabanga aphantsi esinomsebenzi ongutitshala omnye kufuneka siqulathe—
- (a) abazali ababini abangaqeshwanga kwisikolo liSebe lezeMfundo leNtshona Koloni okanye libhunga lolawulo lesikolo; kunye
 - (b) nenqununu.
- (4) Kulandelwa umgaqwana (19) kunye nomgaqo 6(4), ibhunga lolawulo lesikolo samabanga aphantsi esinabasebenzi ababandakanya utitshala omnye kunye nomsebenzi ongengotitshala kufuneka sibe—
- (a) nabazali abathathu abangaqeshwanga kwisikolo liSebe lezeMfundo leNtshona Koloni okanye libhunga lolawulo lesikolo;
 - (b) inqununu; kunye
 - (c) nomsebenzi omnye ongeyotitshala kweso sikolo.
- (5) Kulandelwa umgaqwana (19) kunye nomgaqo 6(4), ibhunga lolawulo lesikolo samabanga aphantsi esinabasebenzi abangootitshala ababini nomsebenzi omnye ongeyotitshala kufuneka liqulathe—
- (a) abazali abane abangaqeshwanga kwisikolo liSebe lezeMfundo leNtshona Koloni okanye libhunga lolawulo lesikolo;
 - (b) inqununu;
 - (c) utitshala omnye kweso sikolo;
 - (d) umsebenzi omnye ongeyotitshala kweso sikolo.
- (6) Kulandelwa umgaqwana (19) kunye nomgaqo 6(4), ibhunga lolawulo lesikolo sabafundi abanemfundo yabantwana abanezidingo ezizodwa kufuneka liqulathe—
- (a) abazali abasixhenxe abangaqeshwanga kwisikolo liSebe lezeMfundo leNtshona Koloni okanye libhunga lolawulo lesikolo;
 - (b) ootitshala ababini kweso sikolo;
 - (c) umsebenzi omnye ongeyotitshala kweso sikolo;
 - (d) abafundi ababini abasuka kwibhunga elimele abafundi, ukuba oko kunokukwazeka ukwenzeka;
 - (e) inqununu;
 - (f) ummeli omnye wamaqumrhu axhasa ngezimali, ukuba ukhona;
 - (g) ummeli omnye wemibutho yabazali babantwana abanezidingo ezizodwa, ukuba ukhona;
 - (h) ummeli wemibutho yabantu abakhubazekileyo, ukuba ukhona;
 - (i) umntu omnye okhubazekileyo, ukuba ukhona; kunye
 - (j) nengcali enamava afanelekileyo emfundo yabantwana abanezidingo ezizodwa.

(7) Isigqibo esithathwe libhunga lolawulo lesikolo okanye intshukumo ethathwe lilo akunakuthwa ayamkelekanga ngenxa yokuba kukho isithuba esikhoyo kwibhunga lolawulo lesikolo okanye ngenxa yokuba umntu ebekungamelanga ukuba ahlale kwelo qumrhu lilawula isikolo uye wayinxalenye yalo ngexesha ebekuthathwa isigqibo okanye intshukumo egunyazisiweyo, ukuba isigqibo okanye intshukumo iye yagunyaziswa ngamalungu angaphezulu kwehafu yamalungu ebhunga lolawulo lesikolo ebekhona nebenelungelo lokuhlala njengamalungu.

(8) Ibhunga lolawulo lesikolo lingafakelela amalungu kwiqumrhu lesikolo—

- (a) umnini wepropati okanye umntu owonyulwe nguye ukuba isikolo sikwipropati yabucala;
- (b) abantu abaza kuncedisa ukwenza imisebenzi ethile.

(9) Kuxhomekeke kumgaqwana (10)(b) nakumgaqo 5(6), amalungu afakelelweyo akanalungelo lakuvota kwibhunga lolawulo lesikolo.

(10) Kwimeko exelwe kwimigaqwana (1), (2), (3), (4) no-(5)—

- (a) inani labazali abanamalungelo okuvota kufunela libe ngaphezulu ngelungu elinye kumalungu ewonke anelungelo lokuvota kwibhunga lolawulo lesikolo; yaye
- (b) ukuba kukho sithuba kwinqanaba labazali abachazwe kumgaqwana (a) ibhunga lolawulo lesikolo kufuneka lifakelele abanye abazali abaza kunikwa ilungelo lokuvota lethutyana.

(11) Ukuba kufakelelwe umzali kwibhunga waze wanikwa amalungelo okuvota njengoko kuxeliwe kumgaqwana (10)(b), olo fakelelo luyaphelelwa emva kokuba eso sithuba siye sazaliswa, yaye kufuneka kulandelwe inkqubo yonyulo lwamalungu angabazali echazwe kule migaqwana, zingaphelanga iintsuku ezingama-90 emva kokuba kuvuleke isithuba.

(12) Ukuba unyulo lovalo-sithuba oluxelwe kumgaqwana (11) alwenzekanga zingaphelanga iintsuku ezingama-90 emva kokuvula kweso sithuba, ibhunga lolawulo lesikolo lingafakelela umzali kwiintsuku ezingama-30 ukuba abambeke ezinye iintsuku emva kokuphela kweentsuku ezingama-90, yaye kweso sithuba kufuneka kwenziwe unyulo lovalo-sikhewu.

(13) Intlanganiselo yokutyunjwa nokunyulwa yonyulo lovalo-sithuba oluxelwe kumgaqwana (11) kufuneka ibanjwe kulandelwa le migaqo.

(14) Kulandelwa umgaqwana (22), abazali beso sikolo mabatyumbe ze banyule amalungu angabazali ekubhekiswe kubo kumgaqwana (1)(a), (2)(a), 3(a), (4)(a) (5)(a) no-(6)(a).

(15) Iititshala eziqeshwe kweso sikolo sichaphazelekayo mazityumbe ze zinyule amalungu aziititshala ekubhekiswe kuwo kumgaqwana (1)(b), (2)(b), (5)(c) no-(6)(b).

(16) Abasebenzi abangezotitshala abaqeshwe kweso sikolo mabatyumbe ze banyule amalungu angabasebenzi angezotitshala ekubhekiswe kuwo kumgaqwana (1)(c), (2)(c) no-(6)(c): Ngaphandle kokuba isikolo sinelungu elinye ongengotitshala, elo lungu lonyulwa ngokuzenzekelayo.

(17) Ibhunga elimele abafundi kweso sikolo malityumbe ze linyule amalungu angabafundi ekubhekiswe kuwo kumgaqwana (1)(d) no-(6)(d).

(18) Ibhunga lolawulo lesikolo sesiqhelo esibonelela abafundi abanezidingo zemfundo ezizodwa malimisele ikomiti yezidingo zemfundo ezizodwa lilandela icandelo 30(2) leSouth African Schools Act.

(19) INtloko yeSebe ingamkela ubume bamalungu ebhunga lolawulo lesikolo kwisikolo esinobume obahlukileyo kobo buxelwe kwimigaqwana (1), (2), (3), (4), (5) no-(6) ukuba—

(a) ibhunga lolawulo lesikolo lifakelele isicelo esibhaliweyo sokuba elalo libhunga lime ngandlela yimbi yaye linike nezizathu zoko; okanye

(b) elo qumrhu limiselelwe ukuba lenze imisebenzi yebhunga lolawulo lesikolo, okwethutyana, ngeli lixa kusamisela isikolo esitsha, yaye iNtloko yeSebe yanelisekile ukuba obo bulungu bululutho kwezemfundo kweso sikolo.

(20) Ukuba ngaba kwiimeko ezixelwe kumgaqwana (19)(a) inani lamalungu angabazali angamalungu ebhunga lolawulo lesikolo elichazwe kwimigaqwana (1), (2), (3), (4) no-(5) lingaphezulu ngomntu omnye okanye ngaphezulu kubantu abangamalungu ebhunga lolawulo lesikolo abanamalungelo okuvota.

(21) INTloko yeSebe, ingathi nanini na, ngokubona kwayo, irhoxise imvume ekubhekiswe kuyo kumgaqwana (19) ze ichithe ibhunga lolawulo lethutyana lesikolo elenziwe kulandelwe umgaqwana (19)(b), xa kufuneka kumiselwe ibhunga lolawulo lesikolo elitsha kulandelwa imigaqwana (1), (2), (3), (4), (5) okanye (6), ngokwemeko leyo.

(22) Ukulungiselela ukuba kumiselwe iqumrhu lolawulo lwethutyana njengoko lixeliwe kumgaqwana (19)(b), umlawuli wesithili kufuneka angenise amagama neenkukacha zabantu abaneleyo ukwenza yonke imisebenzi yequmrhu elilawulayo kwiNtloko yeSebe.

Abantu ekungavumelekanga ukuba babe ngamalungu ebhunga lolawulo lesikolo

3. Umntu akanakukhethwa okanye atyunjwe ukuba abe lilungu lebhunga lolawulo lesikolo ukuba—

- (a) ebekhe wagwetywa yinkundla yomthetho ngesenzo athe wafumana kuso isigwebo esixhonyiweyo, okanye ebekhe wavalelwa entolongweni, okanye ebefumene isigwebo sentlawulo, okanye akakasigqibi isigwebo sakhe sentolongo, ngaphandle kokuba uxolelwe ngokupheleleyo nangokukhululekileyo, okanye isigwebo sakhe esixhonyiweyo okanye sokuvallelwa sele kudlule iminyaka emithathu wasigqibayo phambi komhla wokunyulwa kwakhe njengelungu lelo qumrhu;
- (b) ubhengezwe njengongafanelekanga ukuba asebenze nabantwana ngokomthetho iChildren's Act, 2005 (uMthetho 38 ka-2005), okanye iCriminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (uMthetho 32 ka-2007);
- (c) ugula ngengqondo yaye nenkundla ejonga oko imfumanise enjalo;
- (d) uthe gabhu ematyaleni;
- (e) kwimeko yotitshala oqeshwe ngokwemiqathango yomthetho iEmployment of Educators Act, 1998 (uMthetho 76 ka-1998), ebekhe—
 - (i) wahlawuliswa imali;
 - (ii) wayekiswa emsebenzini ngaphandle kokufumana intlawulo;
 - (iii) wahliselwa; okanye
 - (iv) ufumene indibanisela yezohlwayo ezichazwe kwimigaqo (i) ukuya ku-(iii), ngaphandle kokuba sele kudlule iminyaka emithathu sadlulayo isohlwayo sakhe emsebenzini phambi kokuba anyulwe njengelungu lebhunga lolawulo lesikolo;
- (f) umntu ongeyotitshala oqeshwe ngokwemiqathango yePublic Service Act, 1994, okanye libhunga lolawulo lesikolo, ufunyenwe enetyala lokuziphatha kakubi yaye uye—
 - (i) wayekiswa emsebenzini ngaphandle kokufumana intlawulo;
 - (ii) wahliselwa; okanye
 - (iii) ufumene indibanisela yezohlwayo ezichazwe kwimigaqo (i) no-(ii), ngaphandle kokuba sele kudlule iminyaka emithathu sadlulayo isohlwayo sakhe emsebenzini phambi kokuba anyulwe njengelungu lebhunga lolawulo lesikolo;
- (g) kwimeko yomzali, elingenamntwana ofunda kweso sikolo sichaphazelekayo kwaye alingomnakekeli womntwana; okanye
- (h) wakhe wasuswa kwibhunga lolawulo lesikolo yiNtloko yeSebe kulandelwa umgaqo 4(3).

Ixesha eliya kuhlalwa ngamalungu ebhunga lolawulo lesikolo

4. (1) Kulandelwa imigaqwana (3) no-(4) nemigaqo 5, 6, 20(5), 21(2) no-22(13), ubungakanani bexesha aya kuthi umntu abe lilungu lebhunga lolawulo lesikolo ongengomfundi limele libe yiminyaka emi-3 kwaye liya kususela ngomhla wonyulo lwequmrhu elitsha elilawula isikolo de ibe yintlanganiso yokuqala de ibe ngumhla wonyulo lwequmrhu elitsha elilandelayo elilawula isikolo okanye isithuba esigqitywe yiNtloko yeSebe.

(2) Isithuba sobulungu bomfundi iya kuba ngunyaka omnye.

(3) Nangaliphi na ixesha, iNtloko yeSebe ingalisusa ilungu kwisikhundla ukuba lophule imigaqo yokuziphatha nasemva kokuba kulandelwe inkqubo efanelekileyo ngokwemiqathango yecandelo 26A(5) loMthetho.

(4) Ukuba umntu owonyulwe njengelungu lebhunga lolawulo lesikolo njengoko kuxeliwe kwimigaqwana 2(1), (2), (3) (4), (5) okanye (6) uyayeka ukuba kuluhlu oluchazwe kumgaqo obemenze ukuba anyulwe njengelungu, uyayeka ukuba lilungu lebhunga lolawulo lesikolo.

(5) Ilungu lebhunga lolawulo lesikolo lingaphinda linyulwe okanye liphinde lifakelelwe, ngokwemeko leyo, emva kokuphela kwexesha lalo, ukuba ngaba imigaqo yalo mthetho iyamvumela ukuba abe lilungu.

Izithuba kumabhunga olawulo esikolo

5. (1) Kubakho isithuba kwibhunga lolawulo lesikolo ukuba ilungu—

(a) liphumile;

(b) libhubhile;

(c) alizimisanga iintlanganiso ezintathu zebhunga lolawulo ezilandelelanayo ngaphandle kwesizathu esivakalayo;

(d) alivumeleki ukuba libe lilungu njengoko kuchaziwe kwimigaqo 3 no-4(4); okanye

(e) lisusiwe kwisikhundla salo ngokomgaqo 4(3).

(2) Qho xa kukho isithuba—

(a) kwibhunga lolawulo lesikolo elihlanganiswe ngokomgaqo 2(19), iNtloko yeSebe kufuneka ityumbe ilungu kweso sithuba;

(b) kwibhunga lolawulo lesikolo elihlanganiswe ngokomgaqo 2(1), (2), (3), (4), (5) (6) okanye (19)(a), eso sithuba kufuneka sizaliswe ngonyulo lovalo-sikhewu kulandelwa iinkqubo zonyulo ngokwemiqathango yalo mthetho—

(i) kwimeko yelungu elingumzali, kwiintsuku ezingama-90 emva kokuvela kwesithuba; ze

(ii) isithuba sikatitshala, somsebenzi ongengotitshala okanye somfundi, sizaliswe zingaphelanga iintsuku ezili-14 emva kobukho beso sithuba.

(3) Ilungu elityunjwe kulandelwa umgaqwana (2)(a) okanye elinyulelwe ukuvala isithuba ngonyulo lovalo-sithuba kulandelwa umgaqwana (2)(b) liba lilungu kwisithuba esingekapheli salo mntu angene endaweni yakhe ngokomgaqo 4.

(4) Ukuba kufakwe umntu kwisithuba ebesikhona—

(a) kulandelwa umgaqwana (2)(a), iNtloko yeSebe kufuneka; okanye

(b) kulandelwa umgaqwana (2)(b), unobhala webhunga lolawulo lesikolo kufuneka,

azise inqununu ngokuyibhalela, iyinike igama lalo mntu ungaselolungu kunye nalowo ungene endaweni yakhe.

(5) Isithuba sethutyana sibakhona xa ilungu lingekho kwiintlanganiso zebhunga lolawulo ezintathu zilandelelana linesizathu esivakalayo.

(6) Kwiimeko ekubhekiswa kuzo kumgaqwana (5) ibhunga lolawulo limele lifake umntu okwasuka kudidi lwabantu olunye nelelungu elingekhoyo ukuze enze imisebenzi yelungu elingekhoyo lide ilungu ebelingekho likwazi ukuqalisa ngomsebenzi walo webhunga lolawulo.

(7) Kwiimeko ekubhekiswa kuzo kumgaqwana (6) unobhala webhunga lolawulo umele azise inqununu ngembalelwano ngegama lelo lungu lingekhoyo okwethutyana kunye negama nedilesi yelungu elenza imisebenzi yelungu elingekhoyo okwethutyana.

Ukuchithwa nokumiselwa kwakhona kwamabhunga olawulo ezikolo

6. (1) INTloko yeSebe ingalichitha ibhunga lolawulo lesikolo ukuba—

